

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres – 14 November 2021**

### **VOTUM:**

<sup>2</sup>Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.

Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees,

<sup>4</sup>wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon,

<sup>5</sup>wat my die goeie in oorvloed laat geniet,

my die jeugdige krag van die arend skenk.

### **SEËNGROET:**

<sup>3</sup>Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus,

<sup>4</sup>wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose

wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring.

<sup>5</sup>Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid!

Amen.

### **SKRIFLESING EN GEBED:**

**Teks:** Psalm 38

**Tema:** Gebeure wat 'n lewenskoers verander: siektestoestand

Die skrywer het aan 'n lewensgevaarlike siektestoestand gely, wat sy menswees en al sy verhoudings ernstig beïnvloed het.



## Die digter beskryf sy siektestoestand: ontsteking in bekken. (Psalm 38:4-11)

- Sy woude het begin sweer en het gestink.
- Hy was krom en inmekaar getrek.
- Hy het die hele dag geloop en treur, want sy lyf het gebrand van die koors.
- Daar was nie meer 'n gesonde plek aan sy liggaam nie.
- Hy was gedaan en platgeslaan.
- Sy hart het gejaag en hy het gebrul van die pyn.
- Sy krag het ingegee en hy kon nie eers meer sien nie.
- Hy skryf, "Deur u toorn is daar nie meer 'n gesonde plek aan my liggaam nie".  
(38:4-12)

**"Ek kan dit byna nie meer uithou nie,  
ek is nooit sonder pyn nie." (Ps. 38:18)**

## 1. VERVREEMDING TREE OP VERSKEIE VLAKKE VAN SY LEWE IN: VÊR (PSALM 38:12-15)

- **Vervreemding van sy familie tree in.** My siekte hou my ver van my familie af.  
(38:12a)
- **Vervreemding van vriende tree in.** My siekte hou my ver van my vriende af.  
(38:12a)
- **Vervreemding van sy bure tree in.** My bure kom nie naby my nie. (38:12b)
- **Vervreemding van God tree in.** Moet my tog nie verlaat nie, Here, my God, moenie ver van my af bly nie! (38:22)
- **Vervreemding van mense: paranoia en wantroue tree in.** Dié wat my lewe soek, stel vir my *strikke*; dié wat daarop uit is om my kwaad aan te doen, praat al klaar van my *ondergang*; die hele dag deur dink hulle vals *beskuldigings* teen my uit.  
(38:13)
- **Die volle omvang van sy vervreemding: hoor niks meer, sê niks meer.** Ek het geword soos 'n man wat niks hoor nie en wat niks het om te antwoord nie.



## VERVREEMDING LEI TOT VEREENSAMING EN REFLEKSIE

### 2. DIE WORSTELING EN DEURMEKAAR GEMOED VAN DIE SKRYWER TYDENS SY LEWENSGEVAARLIKE SIEKTES TOESTAND. (38:16-23)

- **Smag.** U weet waarna ek smag, Here, my gesmeek is vir U geen geheim nie. (38:10)
- **Enigste vertrou.** Ek vertrou op U, Here, U sal antwoord, Here my God. (38:16)
- **Behoeft tot reiniging: verkeerde besluite.** Ek bely my ongeregtigheid, my sonde kwel my. (38:19)
- **Behoeft aan nabyheid.** Moet my tog nie verlaat nie, Here, my God, moenie ver van my af bly nie! (38:22)
- **Behoeft om gesond te wees.** Maak tog gou om my te help, Here, my Redder; *“come quickly to my aid, O Lord, my Victory!”* (23)

Die skrywer het gevoel asof hy in die put van die dood met sy slymerige modder was. (Ps 40:3) Sy lewensgevaarlike toestand het tot 'n diepe nadenke en 'n nuwe waardering van 'n gesonde lewenswyse gelei. (Psalm 39 en 40)

**Amen!**

### SEËNBEDE:

<sup>6</sup>Bid dat Jerusalem vrede mag hê,  
dat hulle wat hom liefhet,  
rustig mag woon.

<sup>7</sup>Mag daar vrede wees binne jou mure,  
rus in jou wonings.

<sup>8</sup>Ter wille van my broers en my vriende  
wens ek jou vrede toe.

<sup>9</sup>Ter wille van die huis van die Here ons God  
bid ek dat dit met jou goed sal gaan.



## OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: [kantoor@ngkerkwonderpark.co.za](mailto:kantoor@ngkerkwonderpark.co.za)

## Vandag se erediens is geborg deur:



**ANNIQUE**  
**rooibos**  
Onafhanklike Konsultant  
*Ons skep daaglik lewensveranderende geleenthede!*

**Vir inligting oor Annique produkte,  
maandelikse specials en  
Black Friday specials,  
kontak my!**

**Elanza 082 440 8686**

*Wil jy 'n ekstra geldjie verdien?  
Geen aansluitingsfoo!  
Geen verpligte maandelikse aankope.  
Kontak my om by my wenspan aan te  
sluit.*

